

Inleiding

Ken & Verstaan Sosiale Wetenskappe volg die nasionale Kurrikulum- en Assesseringbeleidsverklaring (KABV) vir Sosiale Wetenskappe. Al die nodige inhoud word in dié Onderwysersgids en Leerdersboek gedek en geassesseer, en daar is ook heelwat ekstra idees en hulpbronne om die Sosiale Wetenskappe in die klaskamer te verlewendig.

Sosiale Wetenskappe bestaan uit Aardrykskunde en Geskiedenis, wat afsonderlik onderrig word, maar waaraan dieselfde hoeveelheid onderrigtyd elke kwartaal afgestaan word. Albei moet as afsonderlike vakke gedurende elke kwartaal van die skooljaar onderrig en geassesseer word. Hoewel Aardrykskunde en Geskiedenis afsonderlik onderrig word, is die kurrikulum só ontwerp dat jy die twee met mekaar in verband kan bring wat inhoud, vaardighede en konsepte betref.

Sosiale Wetenskappe									
Wie?	Waar?	Wat?	Waarom?	Wanneer?	Hoe?	Moet?	Kon?	Is?	(As?)
Geskiedenis					Aardrykskunde				

Die Sosiale Wetenskappe kurrikulum

Die algemene oogmerke van die Sosiale Wetenskappe kurrikulum behels die volgende:

- Om leerders aan te moedig om vrae te stel soos: Wie? Wat? Waar? Wanneer? Waarom? Hoe? Moet? Kon? Is? (en As? in Senior Fase).
- Om vir leerders van geleenthede te voorsien om op nuwe maniere na hul eie wêreld te kyk.
- Om vir leerders geleenthede te skep waar hulle ’n kritiese perspektief kan ontwikkel.
- Om leerders aan ’n wêreld buite hul alledaagse lewe en werklikheid bekend te stel.
- Om toegang tot kennis te verskaf waartoe leerders andersins moontlik nie toegang sou hê nie.
- Om weens diepgaande onderrig (voorgestelde tyd vir elke onderwerp word uiteengesit) kundigheid en vertroue by leerders te ontwikkel.
- Om onderrig deur middel van verskillende vorme van teks (mondelings, skriftelik en visueel) te vergemaklik.
- Om leerders op te lei om te spekuleer, om debat te voer, om verbindings te maak, om te kies, om te prioritiseer en om werklike en belangrike kwessies aan te pak.
- Om leerders van geleenthede te voorsien om gereeld te skryf met ’n duidelike vordering wat lengte en ingewikkeldheid deur die grade betref (bewyse van die leerder se werk moet in die leerder se werkboek, omslag of lêer gehou word).

Hulpbronne vir die onderrig en leer van Sosiale Wetenskappe

Elke leerder moet die volgende hê:

- 'n Handboek van goeie gehalte wat geskik is vir die graad, konteks en taalvlak van die leerder, byvoorbeeld *Ken & Verstaan Sosiale Wetenskappe*.
- 'n Werkboek (om in te skryf), wat met papier oorgetrek moet word (en plastiek, indien moontlik), netjies gehou moet word, en na gekyk moet word – dit is 'n belangrike rekord van die leerder se werk.
- Muurkaart (wêreldkaart, kaart van Afrika en kaart van Suid-Afrika).
- 'n Aardbol.
- Toegang tot 'n stel atlasse en woordeboeke.
- Toegang tot boeke oor onderwerpe aangaande Geskiedenis en Aardrykskunde.
- Toegang tot kykstof oor onderwerpe aangaande Geskiedenis en Aardrykskunde.

In Sosiale Wetenskappe behoort leerders gereeld te lees en skryf, beginnende met sinne en paragrawe wat mettertyd opbou tot langer stukke werk. Heelwat van dié skryfwerk kan bereik word deur die aktiwiteite in die Leerdersboek van *Ken & Verstaan Sosiale Wetenskappe*. Ander betroubare en tersaaklike inligtingsbronne wat die kurrikulum kan verryk, moet ook gebruik word – dié bronne moet noukeurig deur die onderwyser gekies en hersien word.

Addisionele hulpbronne

- Tydskrifte en koerante met artikels en berigte wat met die onderwerpe verband hou.
- Toegang tot 'n TV/DVD en/of CD-speler om toepaslike visuele en audiovisuele materiaal te voorsien.
- Toegang tot die internet en geskikte opvoedkundige webwerwe.
- Kaart/e van die leerder se plaaslike omgewing.

Die MapPack-projek sal kaarte en bykomende inligting gratis aan skole voorsien. Kontak hulle by die MapPack-projek, Privaatsak X10, Mowbray 7700, Telefoonnommer: 021 658 4300, E-pos: ngi@ruraldevelopment.gov.za.

Die onderrig en leer van Geskiedenis

Geskiedenis is die studie van verandering en ontwikkeling in 'n samelewing oor tyd heen. Geskiedenis is ook 'n proses van ondersoek wat handel oor die stel van vrae oor die verlede: Wat het gebeur? Wanneer? Waarom? ens. Die onderrig van Geskiedenis moet leerders aanmoedig om belang te stel in die verlede, en ook om die studie van die verlede en hoe dit ontwikkel het te geniet. Leerders moet 'n begrip ontwikkel van historiese konsepte, insluitend historiese bronne en bewyse.

Die spesifieke oogmerke en vaardighede van Geskiedenis

Die spesifieke oogmerke en vaardighede – opgesom in die tabel op die volgende bladsy – word bereik deur die onderrig van inhoud, vaardighede en konsepte. Die tabel gee 'n lys van die spesifieke oogmerke en voorbeelde van vaardighede.

Spesifieke oogmerke van Geskiedenis	Voorbeelde van vaardighede wat betrokke is
Vind verskeie soorte inligting oor die verlede	<i>Gebruik en voeg verskillende inligtingsbronne bymekaar</i>
Kies tersaaklike inligting	<i>Besluit oor die belangrikheid en tersaaklikheid van inligting om vir verskillende doeleindes en kontekste te kies en te gebruik</i>
Besluit of die inligting betroubaar is	<i>Stel ondersoek in na waar die inligting vandaan kom, of dit korrek is en watter standpunt in die inligting verteenwoordig word</i>
Sien iets wat in die verlede gebeur het uit meer as een oogpunt	<i>Vergelyk die verskillende standpunte oor dieselfde persoon of gebeurtenis en stel dit ook in teenstelling met mekaar</i>
Verduidelik waarom gebeure in die verlede dikwels verskillend vertolk word	<i>Herken en verstaan waarom verskillende bronne en mense tot verskillende gevolgtrekkings kom</i>
Voer debat oor wat in die verlede gebeur het op grond van die beskikbare bewyse	<i>Voer debat oor en bespreek mekaar en andere se standpunte oor aspekte aangaande geskiedenis, wat op bewyse gegrond is</i>
Skryf geskiedenis op 'n georganiseerde wyse, met 'n logiese lyn van argumentering	<i>Skryf geskiedenisstekste wat 'n inleiding het, wat tersaaklike inligting op 'n gestruktureerde wyse uiteensit en wat tot 'n gevolgtrekking kom</i>
Toon begrip vir die belangrikheid van erfenis en bewaring	<i>Verduidelik hoe en waarom mense en gebeurtenisse in die openbaar herdenk en gevier word</i>

Die bestudering van Geskiedenis moet ook demokratiese burgerskap steun deur middel van die:

- Verduideliking en aanmoediging van die waardes van die Grondwet.
- Aanmoediging van burgerlike verantwoordelikheid en verantwoordbare leierskap.
- Bevordering van menseregte en vrede.
- Voorbereiding van jongmense wat verantwoordelikheid betref, hetsy op plaaslike, streek-, nasionale, vastelandse- of wêreldvlak.

Konsepte in Geskiedenis

Geskiedenis is inherent in bronne en in bewyse, en dit kom ook voor in die manier waarop bronne en bewyse vertolk word. 'n Mens kan op verskeie maniere na dieselfde ding in die verlede kyk. Dit kan die volgende insluit:

- Verskillende standpunte van mense in die verlede met verskillende posisies in die samelewing.
- Verskillende maniere waarop geskiedkundiges oor mense en bronne skryf.
- Verskillende maniere waarop hedendaagse mense die lewens van mense in die verlede beskou.

Bogenoemde verteenwoordig 'n **multiperspektief**-benadering.

Ander belangrike konsepte in Geskiedenis wat leerders moet verstaan is die volgende:

- **Oorsaak en gevolg:** Die redes vir gebeure en die resultaat van dié gebeure, en die manier waarop mense tydens die gebeure en na afloop van daardie gebeure optree.
- **Verandering en voortsetting:** Oor 'n bepaalde tydperk is dit moontlik om dít wat verander het en dít wat dieselfde gebly het, te vergelyk en te kontrasteer.

- **Tyd en chronologie:** Geskiedenis word in volgorde bestudeer en geskryf – dit is belangrik om gebeure te plaas in die volgorde waarin hulle oor tyd plaasgevind het; ’n tydlyn is nuttig om dié konsep te ontwikkel.

Die onderrig en leer van Aardrykskunde

Aardrykskunde is die studie van die menslike en fisiese omgewing. Aardrykskunde ondersoek die fisiese (omgewing) asook menslike prosesse oor ruimte en tyd. Aan alles in Aardrykskunde kan ’n ruimtelike aspek toegeskryf word in ’n omgewing wat voortdurend aan die verander is.

Die spesifieke oogmerke en vaardighede van Aardrykskunde

Die spesifieke oogmerke en vaardighede – opgesom in onderstaande tabel – word bereik deur die onderrig van inhoud, vaardighede en konsepte. Die tabel gee ’n lys van die spesifieke oogmerke en voorbeelde van vaardighede.

Spesifieke oogmerke van Aardrykskunde	Voorbeelde van vaardighede wat betrokke is
Die ontwikkeling van ’n nuuskierigheid oor die wêreld waarin ons woon	<i>Vra vrae, identifiseer kwessies, luister en bespreek met belangstelling, en bekom en verwys na verskillende soorte inligting</i>
Die verkryging van ’n goeie algemene kennis van plekke en die natuurkragte wat op die aarde voorkom	<i>Lees en gebruik hulpbronne vir inligting; en gebruik inligting om vrae oor mense en plekke te beskryf, te verduidelik en te beantwoord</i>
Om die wisselwerking tussen die samelewing en die natuurlike omgewing te verstaan	<i>Oorweeg, sintetiseer en organiseer inligting; tref verbande tussen oorsaak en gevolg; erken en waardeer verskillende leefstyle en wêreldmenings</i>
Om onafhanklik te dink en in staat te wees om idees met kennis te ondersteun	<i>Gebruik aardrykskundige kennis om probleme op te los, kwessies te bespreek en daaroor debat te voer, sydigheid te erken, hul eie idees te ontwikkel en om oplossings tot probleme voor te stel</i>
Om vir ons planeet om te gee, asook vir die welsyn van almal wat daar woon	<i>Op ’n ingeligte en sensitiewe wyse by kwessies betrokke te raak wat met die planeet, sy mense en hulpbronne verband hou</i>
Om ’n hele reeks hulpbronne – insluitend kaarte, data en foto’s – te verstaan en daarmee te werk	<i>Die gebruik en teken van kaarte; om inligting in tekste, atlasse en ander hulpbronne te identifiseer en inligting daaruit te bekom; om met data en statistiek te werk; en om kruisverwysings te doen wat inligting betref</i>
Om verskynsels in die plaaslike omgewing waar te neem en betrokke te raak daarby	<i>Waarneming, die voer van onderhoude en die maak van aantekeninge; die toepassing van maatskaplike vaardighede; die verwerking, vertolking en evaluering van data</i>
Om uit te vind oor plekke, mense, gebeure en ander kwessies deur van verskillende hulpbronne gebruik te maak (bv. boeke, mense, foto’s, die internet)	<i>Die ontwerp en opstel van vrae; die ontwikkeling en toepassing van navorsingsvaardighede; die ontleding, verwerking en aanbieding van inligting</i>
Om idees en inligting oor te dra of te kommunikeer	<i>Op ’n duidelike en ingeligte manier praat; op ’n gestruktureerde en duidelike manier skryf; kaarte en visuele inligting teken; redelike verduidelikings voorsien</i>
Om ingeligte besluite te neem en geskikte stappe te doen	<i>Om in groepe en alleen te werk; om stappe sistematies en krities te beplan en te evalueer</i>

Kaartvaardighede

Die bestudering van Aardrykskunde vereis van die leerders om verskillende soorte visuele inligting te vertolk en aan te bied, byvoorbeeld: kaarte, grafieke, aardbolle, foto's, lugfoto's en tekeninge. Dié visuele geletterdheid is 'n noodsaaklike soort geletterdheid vir leerders om te oefen en te ontwikkel.

In die KABV-kurrikulum word daar in elke graad vir een kwartaal aandag geskenk aan die gebruik en opstel van kaarte en ander visuele bronne. Die oogmerke van dié onderwerpe is om gefokusde en sistematiese ontwikkeling van visuele vaardighede te verkry. Leerders moet egter dwarsdeur die jaar met kaarte werk, en kaartgebruik moet in elke graad by die onderwerpe ingewerk word.

Konsepte in Aardrykskunde

Hier is sleutelkonsepte in Aardrykskunde wat leerders moet ken en verstaan:

- **Ruimte en ruimtelike patrone en neigings:** Die ligging van mense en plekke in die wêreld.
- **Ooreenkomste en verskille:** Hoe omgewings en leefstyle met mekaar vergelyk en die redes vir die ooreenkomste en verskille tussen hulle.
- **Beweging:** Hoe en waarom mense, goedere, water, grond en lug beweeg en verander.
- **Planeet aarde:** Grond, lug en water.
- **Menslike nedersettings:** Waar mense woon en waarom.
- **Menslike aktiwiteite:** Wat mense doen, watter uitwerking die omgewing op hulle het en watter uitwerking mense op die omgewing het.
- **Interafhanklikheid:** Die skakels tussen klimaat, plantegroei, wild, herverdeling van hulpbronne en menslike nedersettings en aktiwiteite.
- **Verandering:** Die veranderende aard van mense en plekke.

Oorsig van onderwerpe vir die Intermediêre Fase Sosiale Wetenskappe

Die volgende tabelle toon 'n oorsig van al die onderwerpe, per kwartaal, vir Aardrykskunde en Geskiedenis in die Intermediêre Fase. Dié onderwerpe word dan in sub-onderwerpe vir onderrig verdeel – onderwerpe en sub-onderwerpe word in modules met eenhede in die *Ken & Verstaan Sosiale Wetenskappe* boeke uiteengesit.

Oorsig van Geskiedenis-inhoud

Kwartaal	Graad 4-onderwerpe	Graad 5-onderwerpe	Graad 6-onderwerpe
1	Plaaslike geskiedenis	Jagter-versamelaars en veewagters in suidelike Afrika	'n Afrika-koninkryk lank gelede in suidelike Afrika: Mapungubwe
2	Leer by leiers	Die eerste boere in suidelike Afrika	Europese ontdekkings-reisigers ontdek suidelike Afrika
3	Vervoer deur die eeue	'n Antieke Afrika-samelewing: Egipte	Demokrasie en burgerskap
4	Kommunikasie deur die tye	'n Erfenisroete deur die provinsies van Suid-Afrika	Medisyne deur die eeue

Oorsig van Aardrykskunde-inhoud

Kwartaal	Graad 4-onderwerpe	Graad 5-onderwerpe	Graad 6-onderwerpe
1	Plekke waar mense woon (woonplekke/nedersettings)	Kaartvaardighede (fokus: Afrika)	Kaartvaardighede (fokus: Wêreld)
2	Kaartvaardighede	Fisiese kenmerke van Suid-Afrika	Handel (fokus: Suid-Afrika en die wêreld)
3	Kos en boerdery in Suid-Afrika	Weer, klimaat en plantegroei van Suid-Afrika	Die wêreld se klimaat en plantegroei
4	Water in Suid-Afrika	Minerale en mynbou in Suid-Afrika	Bevolking - waarom mense woon waar hulle woon (fokus: Suid-Afrika en wêreld)

Toewysing van tyd en die belangrikheid van onderwerpe

Aardrykskunde en ook Geskiedenis moet in elke kwartaal van die skooljaar onderrig en geassesseer word. Die onderrigtyd vir Sosiale Wetenskappe in die Intermediêre en Senior Fases is 3 uur per week (bv. 1,5 uur vir Aardrykskunde en 1,5 uur vir Geskiedenis). ’n Kwartaal van 10 weke moet 30 uur se kontaktyd hê. Die totale tydtoewysing vir Geskiedenis is ongeveer 15 ure per kwartaal wat oor 10 weke strek, en dieselfde geld vir Aardrykskunde. Ten einde die totale beskikbare tyd te kan beplan, word tydtoewysing vir elke onderwerp/eenheid voorgestel.

Assessering in Sosiale Wetenskappe

Assessering is ’n voortdurende, beplande proses van identifisering, insameling en vertolking van inligting oor die prestasie van leerders. Onderwysers moet die inligting gebruik wat hulle uit die bewyse inwin om die proses van studie en onderrig te verbeter. Assessering moet op informele (assessering *vir* onderrig) en formele (assessering *van* onderrig) grondslag plaasvind. Terugvoering aan leerders moet altyd deel van enige assesseringsproses uitmaak.

Stappe in assessering

Assessering kan in vier hoofstappe of stadiums geskied.



In die assessering van kennis sal die onderwyser die leerder se vermoë assesser om die oogmerke te bereik en die vaardighede te demonstreer wat in die nasionale kurrikulum dokument (KABV) uiteengesit is. Onderwysers sal bewyse van 'n leerder se prestasie moet insamel en evalueer, en die bewyse aanteken indien dit van toepassing is op daardie soort assessering. Die oogmerke en vaardighede vir Aardrykskunde en Geskiedenis moet toegepas word in die kennisinhoud sowel as in die aktiwiteite, take, projekte, toetse en eksamens.

Aardrykskunde en Geskiedenis moet afsonderlik geassesseer word, en leerders moet elke kwartaal assesseringstake vir Aardrykskunde en Geskiedenis voltooi. Assesseringspunte vir elke vak moet ook afsonderlik op skoolrapporte getoon word: 'n punt vir Aardrykskunde en 'n punt vir Geskiedenis. Die twee punte moet bymekaar getel word en dan deur twee gedeel word om 'n gemiddelde puntetelling of persentasie vir Sosiale Wetenskappe te kry.

Soorte assessering

Informele assessering

Informele assessering is 'n daaglikse of les-vir-les monitering van leerders se vordering. Leerders kan op die volgende maniere informeel geassesseer word:

- waarneming van leerder
- gesprekke met leerder
- demonstrasies met leerder
- vergaderings met leerders en onderwysers
- informele wisselwerking in die klaskamer.

Informele assessering moet gebruik word om terugvoering aan leerders te gee en om die beplanning van onderrig te rugsteun. Onderwysers word nie verplig om informele assesserings aan te teken nie, maar hulle kan kies om sommige van die inligting aan te teken. Die uitslae van informele assessering word nie vir bevordering of sertifiseringsdoeleindes gebruik nie, maar dit is nietemin nuttig om 'n rekord van die leerder se vordering deur die jaar te hê.

Formele assessering

Formele assesseringstake is deel van 'n formele program van assessering vir 'n bepaalde graad en jaar. Formele assesseringstake word nagesien en die onderwyser teken die punt aan vir doeleindes van vordering en sertifisering. Formele assessering voorsien onderwysers van 'n sistematiese manier om te evalueer hoe goed leerders in 'n graad en in 'n bepaalde vak vorder.

Die voorgeskrewe Assesseringsprogram vir Sosiale Wetenskappe in die Intermediêre Fase is in die KABV-wysigingsdokument tot die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit.

In Graad 6 is die Formele Assesseringsprogram soos volg gestruktureer:

Kwartaal	Vak	Assessering	Punte	Deurlopend/Einde van die jaar
1	Aardrykskunde	Toets	40	Deurlopende assessering 75%
	Geskiedenis	Toets	40	
2	Aardrykskunde	Junie-eksamen	40	
	Geskiedenis	Junie-eksamen	40	
3	Aardrykskunde	Taak	40	
	Geskiedenis	Projek	40	
4	Aardrykskunde	November-eksamen	40	Jaareindassessering 25%
	Geskiedenis	November-eksamen	40	

Soos in die tabel getoon, moet leerders elke jaar *een* projek in Sosiale Wetenskappe doen. Hulle doen óf ’n projek in Aardrykskunde óf in Geskiedenis in ’n gegewe jaar. Projekte moet aan die begin van ’n kwartaal ’n aanvang neem en leerders moet ’n redelike tyd gegun word om die finale werk in te handig. Onderwysers moet seker maak dat hulle genoeg tyd vir die assessering van die projekte het, en die leerders se vordering moet gereeld gemonitor word.

Jy sal die Geskiedenisprojek vir Graad 6 op bladsy 154 van die *Ken & Verstaan Sosiale Wetenskappe* Leerdersboek vind en op bladsy 143 van hierdie Onderwysersgids (Module 7, Eenheid 8: Navorsingsprojek: ’n Biografie). ’n Assesseringsrubriek vir die projek verskyn op bladsy 42 van die Formele Assesseringsprogram-afdeling van hierdie Onderwysersgids.

In die Intermediêre Fase verdeel die KABV-kurrikulum die projekte tussen die twee vakke soos volg.

Graad	Kwartaal	Vak
4	1	Geskiedenisprojek
5	3	Aardrykskundeprojek
6	3	Geskiedenisprojek

Die beplanning van assessering

Dit kan baie moeilik wees om goeie onderwerpe vir assesseringstake te vind. Onderwysers word aangemoedig om handboeke wat omsigtig gekies is as riglyn te gebruik, en om goeie assesseringsonderwerpe met ander onderwysers te deel.

Die volgende stappe is gevolg in die beplanning en ontwerp van assesseringstake vir *Ken & Verstaan Sosiale Wetenskappe*.

- 1. Verduidelik die doel van die assessering. (waarom?)
- 2. Besluit oor die taak of aktiwiteit wat geassesseer moet word. (watter?)
- 3. Besluit oor die inhoud, konsepte en vaardighede wat geassesseer moet word. (wat?)
- 4. Kies ’n formaat waarin die leerder ’n aanbieding kan doen – hoe sal die leerder bewyse toon of prestasie demonstreer? (hoekom?)

Daar word van die leerders verwag om in Junie en November eksamens af te lê in beide Aardrykskunde en Geskiedenis. Jy mag hierdie eksamenvraestelle self opstel met die behoeftes van jou leerders in gedagte, asook die werk wat jy behandel het. Ons het egter in die Formele Assesseringsprogram-afdeling van hierdie Onderwysersgids voorbeelde van alle voorgeskrewe assesseringsake, insluitend vraestelle vir die Junie- en November-eksamens, vir jou gerief/gebruik ingesluit. Daar is ook memorandumms vir nasiendoeleindes voorsien, sowel as 'n nuttige optekenblad vir die FAT-komponent van assessering.

Die assessering van skryfwerk

Assessering behels gewoonlik ook skryfwerk – dit beteken dat leerders skryfvaardighede in Sosiale Wetenskappe moet aanleer en gehelp moet word om daardie vaardighede te oefen. Vir langer tekste, veral opstelle, moet leerders opgelei word om die:

- Inligting te kies wat hulle wil insluit – kies slegs wat met die onderwerp verband hou.
- Die inligting te organiseer – voeg dit by ander inligting en integreer al die inligting.
- Die inligting met mekaar te verbind – laat die stukke inligting mekaar logies opvolg, of ontwikkel 'n argument.

Afgesien van skriftelike werk moet ander maniere om bewys van prestasie te toon ook vir assessering gebruik word, byvoorbeeld: mondelinge werk, besprekings, debatte, rolspele, visuele werk, aanbiedings en drama.

Plagiaat (gebruik iemand anders se werk en *gee voor dit is jou eie*) is 'n probleem by talle onderwysinstellings. Of die plagiaat kopiëring uit 'n boek, die kopiëring van 'n ander leerder se werk of die knip en plak vanaf die internet behels – dit is verkeerd; dit is soos om iemand anders se werk te “steel”.

Leerders moet geleer word om elke keer wat hulle iets aanhaal dit in hul werk aan te toon en derhalwe ook aan daardie bron erkenning te gee. Leerders moet ook geleer word dat hulle nie te veel op bronne en verwysings moet staatmaak nie, maar eerder moet wys dat hulle verstaan waarom hulle skryf, deur inligting uit bronne in hul eie woorde te herskryf of anders te stel.

Hoe Ken & Verstaan Sosiale Wetenskappe werk



Ken & Verstaan Sosiale Wetenskappe se Leerdersboek en
Onderwysersgids werk as volg saam. Let op dat die Aardrykskunde-
inhoud eerste verskyn (Module 1 tot 4) en die Geskiedenis-inhoud
(Module 5 to 8) daarna.

Die Leerdersboek

Die werk is in eenhede verdeel
wat die KABV-kurrikulum
weerspieël. Eenhede is in modules
per kwartaal gegroepeer.

Verduidelikings vir woorde
in **vetdruk** verskyn in die
Woordelys agter in die
Leerdersboek.

Elke module eindig met
'n Hersieningsaktiwiteit
en Opsomming.



Elke eenheid
begin met 'n
sleutelvraag.

Aktiwiteite word as individuele
werk, paarwerk, groepwerk of
klaswerk aangedui.

Dit is maklik om jou pad
deur die teks te vind
deur bloot onderaan die
bladsy te kyk.